# BOEKBESPREKINGS

ROSSOUW, P.J. *red.* Gereformeerde Ampsbediening. Pretoria : NG Kerkboekhandel. 36 pp.

Resensent: A. le R.du Plooy (Dept. Kerkreg, PU vir CHO).

Om 'n publikasie met so 'n vorm en inhoud en van so 'n omvang die lig te laat sien, is sekerlik geen gemaklike taak en verantwoordelikheid nie. Daar is nie minder nie as 26 bydraes van 22 verskillende skrywers!

Die redakteur en al die medewerkers skryf vanuit 'n gereformeerde perspektief. Die meeste bydraes is in Afrikaans geskrywe en enkeles in Nederlands.

Agtereenvolgens kom Bybelse, reformatoriese, fundamentele en konkretiserende perspektiewe aan die orde. Op hierdie wyse word gepoog om 'n logiese lyn te volg, en word daar aan prinsipiële en praktiese aspekte asook aan ampsbeskouinge en ampsuitoefening aandag gegee.

Dit is onmoontlik om al die artikels of bydraes diepgaande te bespreek. Die medewerkers is met oorleg gekies en almal is prominente teoloë in die gereformeerde wêreld. Die inhoud van die onderskeie artikels stel dan inderdaad ook nie teleur nie! Uiteindelik bevat die publikasie 'n magdom van kennis, insig, perspektiewe en bronne. Dit lewer 'n pragtige bydrae wat vir al die teologiese vakke van groot waarde is, in besonder vir die Diakoniologie en Kerkreg.

Die publikasie vul beslis 'n leemte in die gereformeerde teologie omdat dit in 'n tyd waarin heelwat besinning oor die ampte plaasvind, koers en rigting gee. Dit bied ook 'n korrektief op standpunte waar die Skrifduurlike en diepere dimensies van die amp vandag verwaarloos of geïgnoreer word, en opgeoffer word aan pragmatiese, charismatiese en demokratiese benaderinge.

Die algehele strekking van die publikasies toon dat die gereformeerde standpunt nie kan volstaan met die stelling dat elkeen sy gawes moet ontdek nie, maar dat elkeen wat tot 'n besondere amp geroep is inderdaad ook sy diens en dienswerk moet ontdek en uitvoer!

Waarvoor ek besondere waardering het, is dat soveel klem gelê word op die Skriftuurlike gegewens en dat die reformatoriese visie so prominent figureer. Verder, dat selfs nie hiermee volstaan word nie, maar dat gepoog word om die gereformeerde teologie rondom die amp uit te bou en krities na sommige bestaande opvattinge te kyk.

In die afdeling waarin aan Bybelse perspektiewe aandag gegee word, is dit verhelde-

rend om te sien hoedat aangetoon word dat die Woord van God oor alle terreine van die lewe seggenskap het en dat dit konkreet 'n boodskap vir die huidige probleme het (Prinsloo, p. 24 e.v.). So ook toon Rossouw (p. 40 e.v.) aan dat daar diskontinue en kontinue lyne tussen die Ou en Nuwe Testament is waarby Christus altyd sentraal staan. In hierdie deel is die bydraes van Versteeg (p. 49 e.v.) en Venter (p. 95 e.v.) besonder insiggewend.

Van 't Spijker (p. 111 e.v.) en Rossouw (p. 128 e.v.) se bydraes oor reformatoriese perspektiewe sluit goed by mekaar aan. Hier kom veral Bucer en Calvyn se standpunte aan die orde en word dit sonder twyfel duidelik dat Bucer 'n besondere invloed op die denke van Calvyn gehad het.

In die behandeling van enkele fundamentele perspektiewe vestig Brown (p. 153. e.v.) die aandag op die interessante historiese verband tussen die gereformeerde konfessie en die gereformeerde kerkordes in die 16e eeu. Trimp (p. 117 e.v.) maak verhelderende opmerkings oor die begrip *praktiese teologie* en die wetenskapsbeskouinge van Schleiermacher en Kuyper. Van der Walt (p. 217 e.v.) betree 'n braakveld met sy bydrae oor amp en eskatologie en gee mooi perspektiewe.

In die afdeling wat oor konkretiserende perspektiewe handel, dring Velema ( p. 243. e.v.) met sy artikel oor amp en heil pragtig deur tot die essensie in die diens van die geroepe dienaar van Jesus Christus. Hy waarsku dat die ampsdraer nie buite die grense van sy opdrag moet gaan nie, en maak dan die skerpsinnige opmerking dat die Woord nie die skepping van die kerk is nie, maar dat die kerk die skepping van die Woord is (p. 253).

In 'n publikasie soos hierdie is dit onmoontlik om oorvleueling uit te skakel aangesien almal gereformeerde aksente stel. Ooreenstemmende Skrifgedeeltes word dikwels aangehaal en bestudeer terwyl daar ook herhaaldelik aanhalings en verwysings na dieselfde bronne voorkom. Dit is egter geensins hinderlik nie.

Oor enkele stellings, benaderings of leemtes sou sekerlik vrugbare diskussie gevoer kan word. Ek volstaan egter met enkele algemene opmerkings in hierdie verband:

- Meer prominente aandag aan die koninkryksperspektief asook 'n duideliker visie op die verhouding tussen koninkryk-kerk-amp sou die waarde van die publikasie verder kon verdiep. Hiermee beweer ek nie dat die koninkryksperspektief ontbreek nie, maar die indruk ontstaan byvoorbeeld dat die kerk te veel as instituut benader word en dat dit slegs een van die gestaltes van die koninkryk is (vgl. Smuts, 320).
- Die gebondenheid van die amp aan die plaaslike kerk word wel gestel, maar tog vind ek dit 'n leemte dat dit nie verder uitgewerk word en verduidelik word wat

onder die begrippe *kerk* en *gemeente* verstaan word nie.

* Die onderskeiding wat Trimp (p. 233 e.v.) tussen amp en diens wil handhaaf, oortuig nie heeltemal nie, hoewel hy mooi aksente lê.
* Die amp van diaken geniet nie dieselfde prominensie as die ampte van ouderling en predikant nie, terwyl die amp van diaken steeds in die brandpunt van belangstelling staan.
* Die bydrae van Deddens (p. 340 e.v.) oor die amp en die vrou getuig van begrip vir die problematiek daarvan, maar hy beredeneer nie sy sterk negatiewe standpunt oortuigend genoeg nie.

Oor die geheel gesien, is die publikasie 'n besondere geslaagde projek onder leiding van die redakteur! Vir die gereformeerde teoloog en student is dit feitlik 'n *sine qua non*.

Ons wil dit van harte by u aanbeveel en die redakteur met al sy medewerkers gelukwens met die verskyning daarvan.

TRIMP, C. 1989. **Klank en weerklank. Door prediking tot geloofservaring.** Barneveld : De vuurbaak. 192 p.

Resensent: C.J.H. Venter (Dept. Diakoniologie, PU vir CHO).

Prof. C. Trimp, pasafgetrede hoogleraar in Diakoniologie aan die Teologiese Skool van die Gereformeerde kerke (Vrijgemaakt), betree met hierdie boek 'n terrein waarop nog nie baie omvattende werk verrig is nie. Die kernvraag wat hy behandel, is dié van die lidmate se ervaring en innerlike belewing van gereformeerde preke, breër gestel - van die gereformeerde godsdiens. Op p. 10 stel hy dat die sentrale vraag wat hy wil beantwoord dié vraag is: is dit karakteristiek vir die gereformeerde leer (byvoorbeeld in prediking en kategese) om die innerlike belewing van die mens (sy gevoel en ervaringe) te negeer. Hiermee wil Trimp vra: vind die "klank" van die leer ook "weerklank" in die hart, die gevoel en die gewete vvan die mens?

Die outeur behandel die onderwerp in tien onderafdelings. In die eerste onderafdeling "Klank en weerklank", behandel hy die vraag oor die sogenaamde "Godservaring" deur aandag te wy aan sake soos die gewete, God se wet in ons hart; die subjektiwisme en ook subjektiewe en objektiewe prediking, die stryd om die verbond. In sy behandeling van die verbond is sy vertrekpunt: God belowe, nie net vir die toekoms nie, maar nou in die hede reeds laat God die goeie boodskap, die evangelie van vryspraak verkondig. Hierdie verkondiging is toesegging. So kom die heil van Christus " in de weg van Gods spreken" (p. 58) ons harte en lewe in. By hierdie verkondiging is die primêre nie

vervulling (in die toekoms nie), maar gelowige aanvaarding in die hede (p. 58). Trimp se verbondsbeskouing beheers die hele verdere uiteensetting van ervaring in die godsdiens.

Vervolgens behandel hy die verskynsel *preek* en bied daarby 'n snit deur die geskiedenis van die prediking om sekere invloede aan te toon (byvoorbeeld die Skolastiek, die bedoeling van die Nadere Reformasie ensovoorts).

Hy wy 'n derde hoofstuk aan "Alle prediking is verbondsprediking" en toon hierin die wins van die vrymaking aan. Die plek van wet en toorn in belofteprediking, gevolg deur "stem en tegenstem" (aanvegting en die oorwinning van aanvegting) in die hart van die gelowige kom vervolgens aan die orde. Die vraag of die evangelie nog geloofwaardig is, vorm die tema van die sesde onderafdeling en word gevolg deur geloof en gevoel (= die volume van die weerklank), selfbeproewing (die toets van die weerklank). Ten slotte beoordeel Trimp die sogenaamde evangeliese beweging, waaronder die Piëtisme (17de eeu), Metodisme (18de eeu) om dan af te sluit met die herkenning van en afstand tussen *Evangelies* en *Gereformeerd* in Nederland.

Ek meen dat ons hier met een van Trimp se rypste werke uit 'n lang lys publikasies oor die jare heen te doen het. Daarmee het hy aan die gereformeerde teologie, nader omlyn, die diakoniologie 'n diens gelewer.

Uiteraard is die boek geskryf van uit die "Vrygemaakte" hoek. Juis dié feit gee aan die werk 'n eie skerper stempel, byvoorbeeld by die uiteensetting oor die verbondsbeskouing. Dit is 'n goeie aksent van Trimp om in sy behandeling van ervaring by die verbond aan te knoop. Tog sou mens wou vra: slaag hy altyd heeltemal daarin om nie van die verbond 'n bepaalde keurslyf vir sy beskouings te maak nie?

Trimp se Skrifhantering in sekere dieptesnitte uit die Bybel is deeglik en getuig van agting en liefde vir die Woord van God.

Hierdie werk is iets van 'n kroon rondom Trimp se aftrede. Daarvoor verdien hy gelukwense en 'n wye leserskring.

BOTHA, JAN. 1990. **Semeion. Inleiding tot aspekte van die interpretasie van die Griekse Nuwe Testament.** Pretoria : NG Kerkboekhandel. 209 p. Prys: R30,00.

Resensent: S.J.P. Riekert (Dept. Bybelkunde, UOVS).

Die resensent se kennismaking met hierdie werk was 'n oorweldigende positiewe bele-

wenis. Met hierdie geheelindruk, wil die resensie 'n aanvang neem.

In ingeligte kringe is die ingrypende verryking in die apparatuur en metodes van die Nuwe-Testamentiese wetenskap in die afgelope drie dekades 'n gemeenplaas. Die verskuiwing in die studie van tekste, kommunikasie, literatuur en taal het groot dimensies aangeneem en oorgespoel na die studie van die Nuwe Testament. So het die outeur dan verder ook aangetoon hoe in die studie van die Nuwe Testament sosiale aspekte na vore tree en hoe insigte vanuit die sosiologie, antropologie en psigologie nuwe weë vir die verstaan en interpretasie van die Nuwe Testament geopen het. Hierdeur het nie alleen die studie van die Nuwe Testament oor die algemeen 'n groot verruiming ondergaan nie, maar is meer spesifiek die hermeneutiek van die Nuwe Testament as uiteensetting van 'n wetenskapsteoretiese benadering drasties deur die groot verskuiwings geraak.

Dit is dan een van die verdienstes van hierdie boek dat dit die verrykende insigte van al hierdie terreine wat bygedra het tot die groot verskuiwing wat in die Nuwe Testamentiese wetenskap plaasgevind het, aan die orde te stel op 'n besonder bevatlike manier. Met hierdie gawe om op 'n bevatlike wyse die problematiek aan te pak en deur te gee, bied Botha iets meer as die werke waardeur hy met die problematiek in aanraking gekom het. Dit klop juis met die doel wat die outeur vir homself volgens sy inleiding gestel het, en is die eindindruk dat die outeur sy gestelde doel meesterlik verwesenlik het.

Inhoudelik word die boek in drie afdelings verdeel. Die eerste afdeling handel oor 'n wye aantal interdissiplinêre en wetenskapsteoretiese vrae. 'n Wye veld word gedek - vanaf die filosofiese vrae rondom die wetenskap, via die spesifiek Nuwe-Testamentiese hermeneutiese vrae met die klem op die interdissiplinêre bydrae vanuit die linguistiek, die literatuurwetenskap en die sosiologie tot die studie van die Nuwe Testament. Die outeur eindig met 'n samevattende, multidimensionele en veelsydige benadering tot die studie van tekste, en dus ook van die Nuwe Testament.

Die tweede afdeling stel die semiotiek as leer rondom tekstuele kommunikasie aan die orde. Dit is toegespits op die bydraes tot verruiming van die insig in die verstaansmetodiek van die Nuwe Testament.

Die derde afdeling handel oor die semantiek en dan veral wat ons oor betekenis in die algemeen weet, en oor betekenis soos toegespits op die Grieks van die Nuwe Testament. Kennis van die wyse waarop taal en dan spesifiek Grieks *beteken*, laat ons met nuwe oë na die ou-ou dokumente kyk.

Met reg kan gesê word dat die wetenskaplike studie van die Nuwe Testament so diep-

gaande geraak is deur die resente ontwikkelinge dat geen terugkeer moontlik is tot die bedryf van die eksegese van dertig jaar gelede nie. Enige predikant wat kennis wil dra van die moderne eksegese en nie die skoling gehad het waar hy van die moderne ontwikkelinge kennis kon neem nie, het in hierdie werk 'n gulde geleentheid. Deur middel van 'n bevatlike uiteensetting kan 'n mens spoedig sy mondering ten opsigte van hierdie aspekte opknap en so toegang tot die wetenskaplik-eksegetiese werke van ons tyd verkry. Sonder kennis van hierdie apparatuur sal die wetenskaplike eksegese van ons tyd vir 'n mens 'n geslote boek wees. Tereg haal die outeur Lategan aan waar hy die verskuiwing in eksegetiese werkwyse as byna traumaties weergee vir diegene wat slegs met 'n tradisionele werkwyse van drie dekades gelede opgelei is - veral by diegene wat daardie metodes gaan kanoniseer het.

Oor sy tweede en derde afdelings is dit nie nodig om enige kommentaar te lewer nie. Daar is reeds daarop gewys dat Botha sy leermeesters uiters bevatlik kon weergee, en daarom die begrippe helderder kon omlyn en die bespreking meer kommunikeerbaar verwoord.

Oor afdeling A het die resensent sekere vrae - eerstens die outeur se uitgesproke mening ten gunste van die relasionele waarheidsmodel. Hoewel hierdie standpunt uit kenteoretiese oorwegings aanvaar kan word, bring dit nietemin die vraag na vore of die outeur nie hier vir ons 'n aanduiding moes gee of daar wel enige teologiese sekerheid kan wees nie, en waar ons dit wel sou kon vind. Anders moet ons tot die gevolgtrekking kom dat ons miskien na die waarheid bly tas sonder om daarby uit te kom. Andersins stel juis die outeur self sy doel onomwonde in sy inleiding (p. xv) soos volg: "Hoe weet ons wanneer is ons 'reg', en wanneer is ons 'verkeerd' as ons bepaalde afleidings maak. Hierdie vra(e) is waarop ons antwoorde soek." Sou ons miskien nooit kon weet nie? Dan kan die outeur sy oortuiging gerus vir ons uitspel. Die resensent is daarvan oortuig dat, ten spyte van die feit dat ons versigtig moet wees om die waarheid altyd spesifiek vir ons standpunt op te eis, daar tog iets is wat as onaantasbare waarheid in die lig en vanuit die Skrif self verstaan moet word, soos wat die outeur self op p. 21 aandui as hy sê: "Dit gaan in die vertolking en verstaan van die Skrif ten diepste oor die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus."

By dié vraag wil die resensent egter sy besondere waardering vir die outeur boekstaaf wanneer hy op p. 21 daarop wys dat die hermeneutiek binne die sfeer van die werk van die Heilige Gees val wat danksy (en die resensent voeg by *ondanks* en *sonder*) die wetenskaplike metodes, die Skrif oopmaak in ons arbeid met die Skrif, veral juis in en deur die wetenskaplike eksegese.

As die Heilige Gees die Skrif oopgemaak het, het ons dan nie iets meer as bloot relasionele waarheid nie? Die resensent reken so.

Nog 'n kritiese vraag kan wees: Is die outeur met sy terminologie altyd konsekwent? Op p. 65 is sprake van 9 modelle. In dié voorbeeld word rol-analise genoem - iets wat miskien 'n model kan wees, maar dan word dit in dieselfde asem as kennissosiologie genoem. Laasgenoemde lyk vir my meer na 'n dissipline met 'n groot aantal moontlike modelle. Ook noem Botha die Marxistiese historiese materialisme as 'n model - vir my lyk dit meer na 'n geestestroming wat meer as een wetenskapsdissipline beïnvloed het en orals modelle help skep het.

Ter afsluiting: die resensent reken dat ons nie die outeur kwalik kan neem vir die ontwikkelinge in die verskuiwing van die verstaan van die Nuwe Testament waaroor hy ons op 'n bekwame wyse ingelig het nie, en daarom wil ek die boek van harte aanbeveel aan almal wat met eksegetiese metodes worstel.

JONKER, W.D. 1988. **Uit vrye guns alleen. Oor uitverkiesing en verbond.** Pretoria : NG Kerkboekhandel. 220 p. Prys onbekend.

Resensent: Frans van der Walt (Bellville-Oos).

Dit is 'n goeie greep van Jonker om uitverkiesing en verbond saam te bespreek. Hy wys daarop dat die verbondsleer juis in die gereformeerde tradisie daartoe gedien het om die uitverkiesingsleer aan te vul en te balanseer (p. 18, 198). Deur uitverkiesing en verbond saam te bespreek, wil Jonker dit vermy om van 'n verkiesingsidee of van 'n abstrakte verkiesingsbesluit uit te gaan.

Verkiesing en verbond kwalifiseer mekaar oor en weer (p. 181). Die verkiesing verleen aan die verbond sy karakter van vastheid wat gegrond is in Gods ewige keuse en trou, maar die verbond verleen aan die uitverkiesing die karakter van 'n dinamiese werklikheid wat in die geskiedenis van Gods omgang met sy volk voltrek word. Jonker wys daarop dat die verbond onder druk geplaas word en gerelativeer word wanneer uitgegaan word van 'n star verkiesingsdekreet. Hy toon aan hoe dit gebeur in die twee gangbare sieninge van die verbond in die gereformeerde teologie en vra dan "*of daar geen derde weg* tussen die twee historiese opvattings moontlik is nie"(p. 181). Wat hy voorstel, is 'n "dinamiese benadering" (p. 184) wat hopelik die intensies van albei opvattings kan opneem. Dit kom daarop neer dat die verkiesingsbesluit verstaan word in die lig van die dinamiek van Gods omgang met sy volk in die geskiedenis. Die ewige verkiesingsbesluit en die uitwerking daarvan in die tyd moet in-een gedink word, sodat dit duidelik word dat die verbond nie die historiese realisering is van 'n star besluit nie, maar van die uitverkiesende wil van die lewende, handelende en besluitende God self. Die verbond moet vanuit die Bybelse verhaal (wat vol is van die dinamiek van Gods vreugde en droefheid oor sy volk en sy voortdurende worsteling met hulle) verstaan

word as die weg waarlangs God sy ewige uitverkiesing in die tyd realiseer in die gestalte van die verbond.

Uitverkiesing en verbond word op mekaar betrek en tog word ruimte gelaat vir die ongeloofsbreuk binne die verbond sonder om egter die verbondsbeloftes te relativeer. Dit vra, volgens Jonker, 'n "meer dinamiese opvatting" (p. 184) van die verhouding tussen Gods ewige besluit en sy omgang met die mens in die tyd.

So kom die wyse waarop die Bybel oor Gods worsteling met sy volk praat meer tot sy reg. "Dit bied aan ons die moontlikheid om te praat soos die Bybel praat" (p. 184). In hierdie verband praat Jonker dan van die werklikheid van die uitverkiesing (p. 182, 145). Die hoofstuk oor die uitverkiesing as werklikheid is miskien die swaartepunt van die boek (p. 106-120). Hier word die uitverkiesing nie as 'n abstrakte idee benader nie, maar as daad van die verkiesende God wat sy genadige voorneme in die geskiedenis van sy omgang met sy volk verwerklik. Dit staan nie los van die hart van die evangelie nie, maar word ten nouste met die leer van die regverdiging uit genade verbind (p. 113). Dit voeg inderdaad 'n belangrike element aan die leer van die regverdiging uit genade alleen toe wat daaraan eers volle reliëf gee. Dit beklemtoon dat God in die regverdiging sy genade bewys aan wie Hy wil as 'n vrye geskenk van sy liefde, sonder dat daar enigiets in die sondaar is wat Hom daartoe beweeg om sy genade aan hom te skenk. "Die regverdiging deur genade alleen dwing ons om deur te stoot na die werklikheid van die uitverkiesing wat daarin sigbaar word as die werklikheid van Gods vrymagtige keuse van genade" (p. 114).

Deur van die werklikheid van die uitverkiesing te praat, word die ewige agtergrond daarvan in die raad van God egter nie geloën nie. Die ewige agtergrond van die verkiesing word vanuit die dade van God in die heilsgeskiedenis verstaan. "Wat die Skrif oor die ewige karakter van die uitverkiesing leer, is nie bedoel om die beslissende en geldige karakter van wat in die tyd gebeur, op te hef nie, maar om die vastheid en onwrikbaarheid van die trou van God en sy beloftes te bevestig" (p. 119).

Hiermee is hopelik genoeg gesê om aan te toon dat Jonker se boek 'n eg reformatoriese geluid laat hoor. Hy bewys die gereformeerde teologie 'n groot diens met hierdie boek. Vroeër het ek gedink dat jong predikante ten minste Berkouwer se *De verkiezing Gods* moes lees voordat hulle oor "die uitverkiesing" gaan preek. Nou kan hulle gerus Jonker se boek lees.

BREYTENBACH, C. *red.* 1988. **Church in Context. Kerk in Konteks. Die Vroeë Christendom in Sosiale Verband.** Pretoria : NG Kerkboekandel. 132 p. R 25,00. Die subtitel word ook in Engels gegee.

Resensent: Bouke Spoelstra (Dept. Diakoniologie, PU vir CHO).

Die bundel opstelle beoog om die sosio-politieke en ekonomiese konteks van die vroeë Christene by die uitleg en verklaring van die Bybel te gebruik. In die eerste drie opstelle word gepoog om te sê hoe "die Evangelies Hom en die Kerk" sien, 'n tweede drietal belig die "identiteit van die Christene", terwyl die derde deel die "sosiale konteks van die vroeë Christene" weergee deur 'n "sosio-historiese studie" van die vroeë Christendom te maak.

Die inleiding van P.G.R. de Villiers oor "Bybel, kerk en konteks" benadruk die waarde van die maatskaplike milieu in die kontekstuele uitleg vir die verstaan van die Nuwe testament (iv) omdat die Bybel in 'n bepaalde gemeenskap ontstaan (4). Dit word tendensieus vergelyk met Potgieter, Groenewald en die NG Kerk se pro-apartheidhantering van die Bybel wat later na anti-apartheid verander het toe die Nasionale Party sy koers gewysig het (6-9).

Op 'n heeltemal ander vlak bespreek Hermie van Zyl "Die 'kleintjies' en 'geringstes' in die evangelie volgens Matteus" (11-22). Hy werk met 'n "Matteaanse gemeenskap" wat om 'n ekklesioologiese verklaring in terme van "Matteaanse teologie" vra (20). Die begrippe *kerk, wêreld* en *koninkryk* word nie gedefinieer nie en uiteindelik geld dieselfde vir koninkryk, kerk en die wêreld (20). Die artikel toets Skrifinhoud aan hedendaagse terme en kategorieë soos *missiologie* (15), *sending* (17), *sendeling* (18,19) en andere soos die skrywer dit verstaan. 'n Mens kry die indruk dat die Skrif eerder soos Schleiermacher as opgetekende ervaring en nie soos bely in die Nederlandse Geloofsbelydenis nie beskou word nie.

E. Scheffler skryf oor "On suffering in Luke's Gospel" (een van twee bydraes in Engels saam met sewe in Afrikaans wat die primêre titel in Engels veroorsaak). Volgens kontemporêre vryheidsteologie word Lukas getipeer as "evangelist of the poor". Scheffler vergelyk tekste in die Lukasevangelie om te bewys dat Lukas meegevoel koester met alle groepe en alle vorme van lyde (923-46). (Daar word nie altyd verwys na die uitgebreide bibliografie wat Scheffler gee nie.)

Dit is nie duidelik waarom die voorwoord en indeling die eerste drie artikels as 'n portret van Jesus van Nasaret met die oog op die verstaan van die kerk aanbied nie, want hierdie artikels fokus nie op Christus nie.

C. Breytenbach lewer die eerste artikel van deel twee oor "Die identiteit van 'n Christenmens - in aansluiting by Paulus" (51-64). Onder die eerste Christene was daar Aramees- en Griekssprekende Joodse groepe waardeur die opneem van proseliete probleme geskep het. "Paulus" (as mens) speel die "deurslaggewende rol" (52) om geloof in die plek van volkskap die kriterium van Christenwees te maak, omdat hy sy Joodse verlede en nasionalisme as "drek" beskou het (53). Is "nasionalisme" of sy Fariseërgeloof (Fil. 3:6) vir hom "drek"? Enkele vrae of formuleringe kom vreemd voor. Kry 'n mens "deur die doop en die nagmaal ons aandeel aan die liggaam" van Jesus (55)? Gee "gemeenskaplike doop" 'n "nuwe identiteit as nuwe skepsele wat hulle in diskontinuïteit met hulle ou bestaan plaas" (56)? Die skrywer polemiseer tendensieus met Groenewald se apartheidsteologie en "bloedsuiwerheid" en stel "heiliges" teenoor Groenewald se "volk" (vgl. slot 63). Die tendensieuse vertrekpunt lewer metodologies dieselfde soort hermeneuse as wat hy by Groenewald afwys. Die artikel aanvaar, maar bewys nie dat die "nuwe mens" nasionale identiteit uitwis nie. Die skrywer identifiseer "een in Christus" met eners wees in Christus kragtens die doop, waarskynlik as gevolg van 'n sekulêre konnotasie vir die begrip *eenheid* (vgl. 59 v.). Hierdie vorm van argument stel genade teenoor natuur om natuurteologie (Groenewald) te weerlê. Galasiërs 3:28 gaan tog nie net oor sosiale kontraste nie en "een" of "nuut" in Christus-wees hef tog nie seksrealiteit vir man en vrou in *unisex* op nie (vgl. 58). Breytenbach erken die "leidende rol" wat vroue gespeel het (61). Hy beskou 1 Korintiërs 14:34 as 'n na-Pauliniese "interpolasie". Die artikel behandel nie eintlik die identiteit van 'n Christenmens nie, maar sê van 'n "Pauliniese antropologie": "Dit bly onmoontlik om die geskapenheid, man of vrou, Jood of Heiden, as uitgangspunt vir die identiteit van 'n Christenmens te neem" (63).

J.G. van der Watt skryf oor "Broederliefde in 1 Johannes" (65-76) binne die milieu van klein verspreide huisgemeentes. Die artikel loop wyer (vgl. 71) as "identiteit van Christene". "Broederliefde" kom eers as "'n derde gedagte" (72) ter sprake. "Kerk in konteks is vir Johannes kerk in liefde" (76).

Draper skryf oor "The social milieu and motivation of community of goods in the Jerusalem church of Acts" (77-88). Om die gemeente in Jerusalem te verstaan, gaan die skrywer terug na die kommunale utopia van Plato wat die gemeenskap van goed geïdealiseer het (77). Die Esseners en geslote Fariseërgemeenskappe het ook gemeenskap van goedere beoefen (78) en hierdie invloede moes op Lukas ingewerk het. Die betroubaarheid van Handelinge 2,4 en 5 is volgens Draper dubieus (83 e.v.). Hierdie artikel beskryf nie die identiteit van Christene soos die voorwoord (v) suggereer nie.

Volgens die voorwoord moet die derde deel van die bundel die sosiale konteks van die vroeë Christene beskryf. Lily Nortjé handel oor "Die vrou in die vroeë Christendom"

(91-103). Volgens haar is 'n studie oor die vrou as "enkelwese" buite "konteks" vrugteloos (92). Die vrou as moeder, die durf van 'n vrou (wat aan bloedvloeiing gely het), die daad van 'n vrou, 'n vrou wat alles gegee het, 'n vrou met 'n verlede, ensovoorts kom aan die orde. Tereg word aan die voorbeelde nie 'n teologie gehang nie (98) en staan dit objektief teenoor die feministiese teologie (99 e.v.).

J.N. Verster skryf oor "Die vroeë Christene en die politiek" (104-120). Hy wil "tussen die lyne" die verband tussen politiek en godsdiens aflees (104). Romeine 13 (waarvan die egtheid betwyfel word) en Openbaring 13 kom ter sprake. Romeine 13 is "pragmaties" ter wille van "strategie"-gebruik en dra 'n "ideologiese karakter" (108). Die artikel maak gebruik van veronderstellings "wat kon" en "moontlik" was, om "Paulus ... strategie" te verklaar (109). Openbaring 13 "kon" in terme van "kennissosiologie ... as die daarstelling van een simboliese universum" wees. Die "dualiteitsdenke" staan in verband met "dissosiasie" (113). Anders as Romeine 13 praat Openbaring 13 negatief oor die owerheid omdat die outeur in sy werkwyse "probeer ... die troos bied dat die werklike werklikheid daar anders uitsien" (115). Die tradisionele swak beeld van Domitianus is volgens die outeur nie geldig nie (116 e.v.). Romeine 13 kan nie as basis vir 'n Christelike etiek en staatsleer dien nie omdat Romeine 13 "volledig aansluit by antieke beskouinge" (118) en soos Openbaring 13 "situasiegebonde" is en "die Christendom op hierdie stadium nog geen eenheidsvisie" gehad het nie en "sy siening van die owerhede die moderne mens dus êrens tussen dienaar en dier laat staan" (119). Die skrywer beskou die Bybel in na-Schleiermachertradisie as produk van die Christendom.

In die epiloog (123-131) sluit W. Nicol by positiewe elemente in die artikels aan. dit dra 'n sterk apologetiese inslag, gebore uit skuldgevoel ten opsigte van die NG Kerk (124 e.v., 129). "Nasionalisme" word verwerp. Uit die "anti-apartheids"- en "anti-etnisiteits"-ideologie straal 'n utopiese "ideaal" van "vredemakers" in die Suid-Afrikaanse sosio-politieke situasie. Die skrywer wend versigtig Marx se analise van die samelewing aan (130) en die rasbelaaide term "blankes" wys die regering as "onderdrukkers" aan. Die laaste artikel berus nie op wetenskaplike analise of bewyse nie en gaan mank aan veralgemenings en subjektiwisme.

*Kerk in Konteks* bevat eerder uiteenlopende monografieë oor los onderwerpe wat "kerk" en "konteks" raak, maar nie behandel nie. Die boek mis die eenheid wat die voorwoord in vooruitsig gestel het. Ook wek die subtitel 'n verwagting wat nie heeltemal deur die inhoud bevredig word nie.

(Die resensent na wie hierdie publikasie aanvanklik verwys is, kon dit nie op daardie stadium afhandel nie. Ons dank aan prof. Spoelstra wat daarna die resensie behartig het. Aan die uitgewers - jammer vir die lang tydsverloop voor die resensie verskyn het.)

KRIEL, A. 1988. The Samaritan in South Africa. Sinoville : Sovereign Books and Music.

Resensent: J.M. Vorster (Dept. Kerkreg, TSP/PU vir CHO).

Kriel, wat wye ervaring opgedoen het ten opsigte van die belewingswêreld van swartes in Suid-Afrika, behandel in hierdie publikasie die roeping tot Christelike barmhartigheid in Suid-Afrika - vandaar ook die treffende en sprekende titel. Dit is duidelik dat die skrywer die problematiek goed begryp en nie op 'n goedkoop wyse omseil nie. Hy probeer om duidelike Bybelse antwoorde te gee in 'n situasie van nood en ideologiese polarisasie. 'n Belangrike aspek van die problematiek dui hy reeds op die eerste bladsy aan: "It is doubtful whether any other country can display such an array of statesmen and other political opinion formers who claim a divine origin for what they propagate."

Dit is ongetwyfeld 'n belangrike saak wat Kriel hier aanstip. Hy sê dan dadelik: "From all the confusion at least one valid conclusion may be drawn: that a good many of these Bible expositors are bound to be wrong."

Dit bring 'n mens dan dadelik by die vraag of die Christen in sy soeke na maatskaplike antwoorde werklik aan ideologiese invloede kan ontkom. Per slot van sake kyk elkeen vanuit sy hoek en vanaf die voetstuk van sy ideologiese vertrekpunte. Is dit ook so maklik om ander standpunte in die geheel af te wys en sekeres in hul geheel te aanvaar?

Dit blyk dat Kriel hom weerhou van 'n duidelike keuse vir 'n bepaalde ideologiese uitgangspunt. Dit is veral opvallend in sy hoofstukke "The essentials of Christian ethics"; "The distribution of property" en "The distribution of power". Aangaande eersgenoemde noem hyself die probleem wanneer hy sê: "I do not know of a single political party or pressure group in South Africa from the extreme right to the extreme left, which does not claim to fight for justice" (p. 42). Self gee hy dan 'n goeie uiteensetting van die betekenis van *liefde* en *geregtigheid* sonder om te sê presies hoe hierdie begrippe in 'n regsorde gegiet moet word - daarom kan alle politieke groepe in Suid-Afrika instemming met Kriel se uiteensetting betuig sonder om enigsins hulle ideologiese grondslag te wysig.

Dieselfde kan gesê word oor die twee ander genoemde hoofstukke. Kriel stel die probleme en Bybelse beginsels baie duidelik en oortuigend, maar slaag nie daarin om duidelike konkrete oplossings aan die hand te doen nie. Hy sê wel: "The reader who expects categorical answers is reading the wrong book" (p. 133), maar dit los nie die probleem op nie. Suid-Afrikaners verskil nie meer oor die feit dat geregtigheid

beoefen moet word, of oor bevordering of verspreiding van welvaart en verbetering van geleenthede nie - hulle verskil oor die konstitusionele bestel waarin hierdie aspekte beslag moet kry. Om 'n voorbeeld te noem: moet rykdom verdeel word deur die vrye ekonomiese proses of staatsingryping? Indien deur staatsingryping - moet nasionalisering geskied met of sonder kompensasie?

In sy bespreking van stemreg pleit hy vir gekwalifiseerde en gedifferensieerde stemreg (p. 132). Hy noem dit "meritokrasie" en sê " ... taking all the Biblical values into consideration, there is good reason to maintain that a meritocracy meets the demands better than most other systems". Hy sê ook dat baie Suid-Afrikaners in so 'n stelsel 'n moontlikheid sien, maar hy bly in gebreke om so 'n stelsel in sy praktiese werking te omskryf, of om aan te dui wie dit voorstaan. Soos in die res van die boek, is ook hierdie standpunt vaag in sy praktiese konsekwensies.

Die boek is tog die moeite werd om te lees vanweë duidelike Skriftuurlike lyne oor sosiale etiek. Wie egter belangstel in die konkrete modelle en prinsipiële beoordeling daarvan, sal die boek vaag vind. Dit is jammer van hierdie gebrek, want die Christene in Suid-Afrika is verby die tydperk van probleemstelling en is tans binne die harde debat van probleemoplossing.

COETZEE, J.C. *red.* 1988. **Koninkryk Gees en Woord. Huldigingsbundel aangebied aan prof. Lambertus Floor.** Redakteur: Pretoria : NG Kerkboekhandel. 319 bladsye.

Resensent: M.J. du Plessis (Kemptonpark)

1. Die bundel self

Die feesbundel is in 'n hardeband gebind en het 'n mooi voorkoms. Die inhoud van die bundel bestaan uit negentien artikels deur verskillende outeurs, en is gegroepeer in die verhouding wat die skrywers tot prof. Floor staan, naamlik eie kollegas, oudstudente, kollegas uit ander fakulteite in Suid-Afrika en kollegas uit ander lande.

2. Kritiek

2.1 Negatiewe kritiek

Enkele dinge wat hinder is die volgende:

* Al is die inhoud van die meeste artikels goed, kom daar tog uitsprake in enkele van die artikels voor waarmee die leser homself nie kan identifiseer nie.

- Moontlik sou die bundel daarby baat as dit oorweeg kon word om die indeling van die artikels volgens hulle aard, eerder as volgens die verhouding waarin die skrywers tot prof. Floor staan in te deel, byvoorbeeld dat al die artikels van eksegetiese aard mekaar opvolg, daarna dié wat die belydenis raak, ensovoorts.
- Dit is ook hinderlik dat die artikels in Engels en Afrikaans nie afsonderlik gegroepeer is nie. Die ontvanklikheid van die artikel van S. Klepper-Borowik is sekerlik in gedrang omdat - volgens my eie berekening - ongeveer 58% van die artikel in Latyn is. Daar is geen vertaling voorsien wat die Latyn ontsluit vir lesers vir wie Latyn ontoeganklik is nie - van wie daar moontlik baie mag wees.
- Die proefleser(s) het die uitgewers kennelik in die steek gelaat, aangesien die bundel wemel van spelfoute. Dit hinder werklik.

2.2 Positiewe kritiek

- Hoewel enkele artikels debatteerbare sake stel, is die meeste artikels oor die algemeen goed. 'n Redelik wye spektrum word gedek, aangesien daar artikels is wat eksegeties van aard is; ander wat die belydenis raak, daar is iets oor die kanon van die Bybel; iets oor tekskritiek en enkele evaluerings oor bepaalde beskouings van ander teoloë.
- Die artikels is beslis nie ontspanningsleesstof nie; dit is studeerkamermateriaal, wat getuig van studie en navorsing wat in die artikels vasgelê is. Oor die algemeen is die artikels baie sistematies ingeklee en die leser volg dus die skrywer(s) se gedagtegang goed.
- Wat veral aangenaam is, is dat die artikels met enkele uitsonderings "behoudend" is - veral teen die agtergrond van die teologiese verwildering wat tans in soveel teologiese publikasies gevind word. Dit is 'n plesier om die artikels te lees wat hulle nie skuldig maak aan Skrifkritiek of bevraagtekening van die een of ander aspek van die gereformeerde leer nie.

3. Slot

In sy geheel gesien, is dit 'n bundel wat elke teoloog op sy rak behoort te hê.

VAN ROOY, J.A. 1989. Herlewing en Reformasie. Potchefstroom : I.R.S. Studiestuk No. 263

Resensent: Flip Buys (Potchefstroom-Noord)

Vir die gereformeerde teologie in Suid-Afrika is dit 'n groot wins dat Van Rooy en die I.R.S. opnuut besin oor *herlewing* en *reformasie* en die verhouding daartussen. Die skrywer toon dan ook met 'n oorvloed van historiese argumente en aanhalings van

hedendaagse gereformeerde teoloë in Nederland, Engeland, Skotland en Australië oortuigend aan dat 'n deel van die Nederlands-Suid-Afrikaanse gereformeerde teologie geheel ten onregte sowel die term as die verskynsel van *herlewing* by voorbaat verwerp. Dikwels word ten onregte beweer dat die term en die verskynsel vanuit 'n Arminiaanse metodistiese agtergrond kom wat noodwendig die algemene versoening veronderstel.

Van Rooy toon aan dat daar wel in Arminiaanse kringe sedert die tyd van Finney verkeerde idees ontstaan het oor wat onder *herlewing* of *revival* verstaan moet word en dat die weerstand teen herlewing in die meeste gereformeerde kringe eintlik gerig is teen die idees van Finney en sy navolgers in metodistiese en charismatiese kringe.

Hierdie standpunt van Van Rooy word myns insiens nog sterker gemotiveer as 'n mens in ag neem dat die term *revival* volgens beskikbare skriftelike getuienis die eerste keer deur Cotton Mather in 1702 gebruik is, soos wat M. Geuse in 'n deeglik gemotiveerde kerkhistoriese artikel onder die titel *Some remarks on revival, its terminology and definition* aangetoon het. (Hierdie artikel is gepubliseer in Gäbler, U. & Schram, P. 1986. *Erweckung am Beginn des 19 Jahrhunderts.*) Dit is dus gewoon histories onwaar dat die term *revival* uit 'n oncalvinistiese agtergrond ontstaan het.

'n Winspunt in Van Rooy se publikasie is dat hy ook duidelike voorbeelde van die verskynsel van herlewing in die Ou Testament aantoon. Dit is egter jammer dat hy nie meer Bybelse fundering gee vir die regmatige gebruik van die terminologie nie. Dit sou byvoorbeeld interessant wees om vas te stel waarom die 1983-Afrikaanse Bybelvertaling die woorde *laat herlewe* van die 1933/53-vertaling in Jesaja 57:15 met *gee nuwe krag* vertaal.

Wat ook in hierdie besinning betrek moet word, is om die verskynsel van herlewing vanuit 'n breër teologiese uiteensetting van die pneumatologie te verstaan, soos wat die uitgesproke Calvinistiese teoloog J.I. Packer dit byvoorbeeld doen in sy *Keep in step with the Holy Spirit*.

Van Rooy se uiteensetting van tipiese simptome van *geestelike insinking* (J.H. Bavinck en Burns praat van "periodes van eb in die werking van die Heilige Gees") is baie ter sake. Hy behandel *oppervlakkige skuldbesef, vanselfsprekendheidsgodsdiens, gebrek aan heilsekerheid, formalisme em tradisionalisme, onvrugbare prediking, gebrek aan Bybelse tug*, en die feit dat die kerk *geen evangeliserende liggaam* is nie. Sou 'n mens nie hieronder ook die groei van vrysinnigheid in die teologie kon noem nie?

Van Rooy beklemtoon dat ware herlewing en egte reformasie hand aan hand gaan en dat daar 'n noue wisselwerking tussen die twee bestaan. *Herlewing* vind plaas wanneer

die Heilige Gees op besonder kragdadige maniere in mense se harte werk en *reformasie* is wat Abraham Kuyper *kerkherstel* noem en is daarom die kerkvernuwende karakter van herlewing.

Die eerste tekens van herlewing kan volgens Van Rooy gesien word in *'n gevoel van onbehae, ernstige gebed, ontmoeting met die lewende God, oortuiging van skuld en sonde, ervaring van vergifnis en verlossingsvreugde en ware lewensvernuwing.*

Dit sou goed wees as elke gelowige vir wie die droewige toestand van die reformatoriese kerke heilige erns is, hierdie publikasie lees en daar 'n indringende bespreking oor die inhoud daarvan aan die gang kan kom.

SCHOLTZ, A. s.j. **Die verhaal van Alan Boesak. Ongepubliseerde manuskrip. Verkrygbaar by die skrywer, Chopinstraat 50, Vanderbylpark. 1911. Prys R 19,50.**

Resensent: J.M. Vorster (Dept. Kerkreg, TSP/PU vir CHO)

In Suid-Afrika het A. Boesak 'n bekende naam geword. Sy verset teen apartheid en felle kritiek teen die Suid-Afrikaanse regering asook sy direkte deelname aan politieke aktivisme teen die sisteem het hom òf felle steun òf felle teenstand op die hals gehaal. In die spanningsvolle era van onrus van die tagtigerjare met sy hoë emosionele lading was 'n nugtere beoordeling van die lewe en denke van Boesak baie skaars.

In hierdie opsig is die boek van Scholz 'n welkome uitsondering. Dit is duidelik dat hy poog om 'n nugtere en gebalanseerde beoordeling van Boesak te gee. Uiteraard is 'n teologiese beoordeling 'n moeilike saak veral as dit gaan om 'n jong teoloog soos Boesak wat soos enige denker aan ontwikkelinge onderhewig is. Verder word die beoordeling bemoeilik deur die feit dat Boesak nie op teologiese vlak veel geskrywe het nie en baie op sy preke, uitsprake en populêre geskrifte staatgemaak moet word. 'n Uitspraak kan maklik buite sy konteks gelees word.

Ten spyte van hierdie probleme moet die boek van Scholz waardeer word as 'n goeie poging tot balans. Hy behandel agtereenvolgens die jeug- en studiejare van Boesak en probeer uit 'n verskeidenheid van populêr-wetenskaplike bronne Boesak se beskouinge ten opsigte van 'n regverdige samelewing, 'n teologie vir swartmense en sy rol as 'n "veelsydige leier" uitpluis. Hy gee ook aandag aan Boesak as 'n internasionale figuur en kom dan ten slotte by 'n beoordeling. Scholz se beskrywing is nugter, saaklik en op die man af. Dit blyk dat hy hieroor goed navorsing gedoen het.

Die "teologiese stelsel" van Boesak (hfst. 6:8) word deur Scholz in die volgende

stellings saamgevat en beoordeel:

* In die Bybel en in die teologie gaan dit oor die bevryding van onderdrukte swartmense en wel van diskriminasie, rassisme en apartheid.
* Apartheid, rassisme en diskriminasie is die belangrikste sondes waarteen die kerk en die gelowige moet stry.
* Bekering is die proses waar in die onderdrukte sy menswaardigheid ontdek en waarin die onderdrukker sy skuld besef en hom aan die kant van die onderdrukte skaar.
* God staan aan die kant van die armes, onderdruktes en swartmense.
* Die kerk is slegs waarlik kerk as dit vir die regte van swartmense veg.
* Die tradisionele teologie is vertikalisties ingestel en word deur die onderdrukker misbruik om sy eie dade te regverdig en die *status quo* te handhaaf.

Scholtz gaan dan verder met die beoordeling van bogenoemde stelings wat hy meen die "teologiese stelsel" van Boesak saamvat. Oor die beoordeling moet egter 'n belangrike krtiese opmerking gemaak word ten opsigte van Scholz se eie Skrifgebruik. In hoofstuk 6, p. 10 beskrywe hy met behulp van 'n konkordansie hoeveel keer 'n bepaalde woord of begrip in die Bybel voorkom. Hieruit bevind hy dan dat die nood waaruit God 'n mens red net in 46% van die gevalle waarin die Bybel sprake is *bevry, verlos* en *loskoop*, dit betrekking het op die sosio-politieke. Die res van die gevalle waarin dit oor geestelike sake gaan, word deur Boesak verswyg. Hieruit word afgelei dat Boesak net die "liggaamlike nood" erken en die "geestelike nood" verswyg. Dit is egter riskant om in die eksegese met woordbetekenisse te speel en te aanvaar dat een saak belangriker is as die ander. Is bekering byvoorbeeld belangriker as wedergeboorte omdat die Bybel baie meer die woord *bekering* gebruik? Hierdie kritiek sal Boesak nie in behandeling neem nie omdat hy juis meen dat die "vertikale" en "horisontale" organies een is. Hy ontken nie die "geestelike" nie omdat hy juis oordeel dat die "geestelike" irrelevant is as dit nie tot beter verhoudinge en geregtigheid lei nie.

'n Nuttige deel in die boek is getitel "Alan Boesak en Karl Marx". Die outeur toon aan dat daar spore lê van die Marxistiese ideologie in die "teologiie" van Boesak en dat dit grotendeels sy strategie van verset bepaal. 'n Etiese beoordeling van dié aspekte van sowel Boesak as Marx sou hier van pas wees, omdat veral die sosiale analise van Marx in die moderne teologie 'n groot rol speel. Oortuigende kritiek behoort meer te bevat as net die naam Marx en die historiese slagspreuke in hierdie verband.

In die geheel gesien, is die boek 'n poging om 'n nugtere beoordeling te gee van die lewe en werk van Alan Boesak. Uiteraard sal die boek gou verouderd raak omdat geskrywe word oor 'n bekende persoon wat nog jonk is en wie se denke nog kan ontwik-

kel. Tog bied dit interessante leesstof.

HEYNS, J.A. 1989. *Teologiese Etiek 2/2.* Pretoria : NG Kerkboekhandel. 443 bladsye. Prys: R40,00 + AVB.

Resensent: P.J de Bruyn (Dept. Etiek, PU vir CHO)

Hierdie boek is die derde en laaste deel van prof. Heyns se trilogie oor *Teologiese Etiek.*

In deel I word hoofsaaklik gehandel oor die fundamentele voorvrae vir die verstaan van die teologiese etiek. Een hoofstuk daarin word gewy aan individuele etiek, terwyl altwee dele van deel 2 (2/1 en 2/2) oor sosiale etiek handel.

In deel 2/1 behandel die skrywer drie samelewingsverbande, naamlik die huwelik, die gesin en die kultuur. In deel 2/2, wat hier bespreek word, word drie ander samelewingsverbande, naamlik die volk, die staat en die kerk aan die orde gestel. In hierdie deel (2/2) word sake behandel wat tans ook in Suid-Afrika in die brandpunt van belangstelling en diskussie staan.

In die eerste hoofstuk oor *volksverband* word onder andere die volgende sake bespreek: die betekenis van die begrippe *stam, ras, volk* en *nasie;* die oorsprong van vol ke; die wese van 'n volk; die sosiaal-etiese implikasies van die houding van 'n volk ten opsigte van dit wat eie is aan hom én ten opsigte van ander volke.

Die volgende hoofstuk handel oor *staatsverband.* Onderwerpe wat daarin aan die orde kom, is onder andere die wese van die staat, die gesag van die staat en die moontlikheid van 'n Christelike staat. In die afdeling oor staatlike konfliketiek behandel hy vier uiters aktuele onderwerpe, naamlik straf, burgerlike ongehoorsaamheid, militêre dienspligweiering en geweldadige protes.

In hoofstuk 11 wat oor *kerkverband* handel, word die volgende onderwerpe bespreek: die wese van die kerk, intrakerklike sosiaal-etiese lewe, interkerklike sosiaal-etiese verhoudinge, ekstakerklike sosaal-etiese verantwoordelikhede (met besondere aandag aan die teologie van die revolusie, die teologie van bevryding en die swart teologie) en antikerklike sosiaal-etiese bedreiginge.

Soos die ander twee dele van *Teologiese Etiek* getuig ook hierdie deel daarvan dat die skrywer wyd gelees en baie navorsing gedoen het. Dit blyk ook baie duidelik uit die gesamentlike literatuurlys vir die drie dele aan die einde van hierdie derde deel. (Dit

is net jammer dat hierdie literatuurlys hoegenaamd nie volledig is nie!) Daarby het die skrywer skerpsinnig oor die sake nagedink. Die gevolg is dat hy in die meeste gevalle ook duidelike etiese riglyne aandui van hoe opgetree behoort te word of aan watter sake oorweging geskenk moet word om in 'n bepaalde probleemsituasie die regte etiese beslissing te neem wat tot die regte etiese optrede kan lei.

Prof. Heyns het aan die gereformeerde teologiese etiek in Suid-Afrika 'n groot diens bewys deur die publikasie van die drie dele gesamentlik en ook van die derde deel in die besonder. Hierdie trilogie is in verskeie opsigte 'n formidabele publikasie waarvan elke etikus in Suid-Afrika sal moet kennis neem, ongeag of 'n mens met die skrywer saamstem of van hom verskil. Trouens, hierdie trilogie behoort op die rak van minstens elke predikant te staan. Hoewel dit wetenskaplike boeke is, is dit op so 'n wyse geskryf dat ook die nie-teoloog nie veel probleme behoort te hê om dit te verstaan en daardeur verryk te word nie.

Vanselfsprekend bring die feit dat daar slegs op ses samelewingsverbande gefokus word sekere leemtes mee. Die skrywer is ook terdeeë daarvan bewus, maar hy het nogtans verkies om dit so te doen.

Ek kan hierdie derde deel - net soos die ander twee - van harte aanbeveel vir elke predikant en elke gelowige wat op verantwoorde wyse oor hedendaagse etiese vraagstukke in die lig van die Skrif wil besin.

NEL, MALAN. **Building up the Church. Theological perspectives.** Pretoria : NG Kerkboekhandel. R21,00. 67 bladsye.

Resensent: C.J.H. Venter (Dept. Diakoniologie, PU vir CHO)

Hierdie werk is 'n vertaling in Engels van "Teologiese perspektiewe op gemeentebou" wat in 1986 verskyn het as nommer 2 van die Universiteit van Pretoria se teologiese studies.

In hoofstuk 1 kom die omskrywing gemeentebou, gemeentevernuwing as werk van God en redes vir stagnasie aan die orde. In hoofstuk 2 word die doelgerigtheid en die missionêre roeping in gemeente-opbou behandel, in hoofstuk 3 die dienskarakter van die kerk, in hoofstuk 4 die ampte, in hoofstuk 5 dissipelskap en dissipeltaak en laastens word aandag gewy aan die gebruik en toepassing van die Bybelse boubeeld in gemeente-opbou.

Die afgelope vyf jaar is in Suid-Afrika één saak insake gemeente-opbou onderstreep,

naamlik dat gemeentebou nie 'n kwessie is van 'n bietjie organisatoriese opknapping nie. Juis so word gemeentebou primêr van mense en menslike aktiwiteite afhanklik - en dan misluk dit! Die gevolg is dikwels dat dominees, kerkrade en gemeentelede ontgogel en teleurgesteld staan oor harde werk wat eindig in mislukkings.

Nou is dit juis in dié opsig dat die werk van dr. Malan Nel die regte instellingspunt en korrektief bied. Gemeentebou is in wese niks anders as om lidmate op sistimatiese wyse bloot te stel aan die Woord van God nie. Die Woord word deur die Gees gebruik om groei te bewerk. Juis dié pad wil die outeur opgaan deur na gemeentebou te kyk vanuit 'n teologies-hermeneutiese dimensie, vanuit 'n agogies-teleologiese dimensie en vanuit 'n morfologies-teleologiese dimensie.

Wat die rangskikking van die stof betref, sou mens kon vra of hoofstuk 6 nie vroeër, heel aan die begin as Bybelse fundering vir gemeentebou aangebied kon wees nie. Hiermee saam sou mens kon vra of die pneumatologiese dimensie nie nader aangetoon en uitgewerk kon word nie.

Dr. Nel moet gelukgewens word met die verskyning van die werk ook in Engels. Sodoende word sy insigte wyer beskikbaar gestel, byvoorbeeld in Amerika waar wyd besin is - en word - oor gemeente-opbou.

VAN GERVEN, H. & MICHON, M. 1989. **Vrijheid van dwang: Een portret van H.M. Kuitert.** Baarn : Ten Have. Prys R32. 159 bl.

Resensent: J.H. van Wyk (Dept. Etiek, TSP/PU vir CHO)

Teen die einde van 1989 het Kuitert op 65-jarige leeftyd geëmeriteer en die radio en beeldradio het daarin 'n geleentheid gesien om 'n portret van hom saam te stel. Bogenoemde boek bevat 'n samevatting van hierdie onderhoude en wel in die vorm van 'n vraaggesprek. Kuitert se lewensloop kom in breë trekke ter sprake hoewel nie volledig nie. In die boek kom interessante mededelings voor wat verdere reliëf aan sy teologiese insigte verleen. Ons hoor van sy aanvanklike liefde vir die teologie van Karl Barth (24,38) en van sy groot waardering vir Berkouwer (37). Hy vertel van sy stryd met die sinode (55 e.v.) en sy afwysing van die ortodoksie (74). Ons hoor van sy passie vir intellektualisme ("ik wil weten hoe het in elkaar zit", 23) en sy groot vryheidsin (23). Male sonder tal kom die uitdrukking "dat wil er bij mij niet in" (45) voor en dit vorm in sekere sin die tema van die ganse boek. Dit is verblydend dat Kuitert te midde van soveel intellektualisme nog praat van sy geloof in God (101,102) en van 'n hiernamaals (48), maar dan is dit 'n belydenis wat veel meer uit die ervaring as uit die openbaring opkom. Met die Godsbestier het hy ook groot probleme (43, 98). Verskeie van sy

etiese insigte, byvoorbeeld oor eutanasie (121 e.v.), kom ook ter sprake.

Die boek lewer 'n duidelike illustrasie van 'n outonomistiese (126, 147) en rasionalistiese (131, 150) etiek, wat daarom noodwendig (hoewel onbedoeld) in legalisme moet uitmond. Dit is 'n etiek waaruit die evangelie verdwyn het en waarin spiritualiteit met intellektualisme vervang is. Nie meer Gód het in die etiek die laaste woord nie, maar die méns; nie die norme van die Skrif nie, maar die rede van die mens. Dit is 'n etiek waar die mens deur sy rede moet onderskei tussen goed en kwaad. So 'n etiese kompas lyk my heetemal ontoereikend en ook onveilig. Ek huiwer om dit te noem, maar die vraag dring homself na vore waarom nie ook die *geloof* self onder rasionele (in die sin van rasionalistiese) kritiek gebring word soos immers in die geval van die *etiek* gedoen word nie.

Vryheid van dwang? Inderdaad, behalwe van die dwang van rasionalisme.

BERKOUWER, G.C. 1989. **Zoeken en vinden: Herinneringen en ervaringen.** Kampen : Kok. 463 bll. R80,83 + AVB

Resensent: J.H. van Wyk (Dept. Etiek, TSP/PU vir CHO)

Uit hierdie werk van die 87-jarige Berkouwer blyk dat hy sedert 1974, toe sy laaste boek oor *Een halve eeuw theologie* verskyn het, sy navorsingsprogram nie beëindig het nie. Soos al sy vorige geskrifte word ook hierdie geskrif gekenmerk deur breë erudisie, noukeurige analise en vloeiende styl. Deur die hele boek straal 'n mildheid, soms al te groot mildheid. Die verwysings na byvoorbeeld Kuitert, Wiersinga en die Remonstrante is nagenoeg kritiekloos. Opvallend is sy byna grenslose waardering vir die teologie van H. Bavinck en tiperend sy verset teen konsekwensie-trekkery (89-90) en denke in dilemmas (159).

In hoofstuk 1 handel Berkouwer oor wat hy "een chaotiese begin" noem en bied hy 'n beeld van kerk en teologie in die Nederland van die twintigerjare. Hoofstuk 2 bekyk die teologie van H. Bavinck onder die titel "Katholiciteit". Hoofstuk 3 gaan nader in op die insigte van V. Hepp onder die betekenisvolle titel "Zekerheid en apologie". Berkouwer skryf ingehoue oor sy voorganger, maar met 'n aanvoelbare gedistansieerdheid.

'n Mens staan vandag verstom by die gedagte dat Hepp in die opkoms van die gedagtes van A. Janse, D.H.Th. Vollenhoven, S.G. de Graaf en K. Schilder 'n "dreigende deformatie" kon bespeur het (77 e.v.). Berkouwer verwys ook hier na B.J. de Klerk, wat by Hepp oor biblisisme gepromoveer het, as "een fijnzinnig en open theoloog" (76).

In hoofstuk 4, wat oor A.H. de Hartog handel onder die opskrif "sekerheid en insig", is die toon weer milder. In Suid-Afrika is De Hartog nie so bekend soos byvoorbeeld Kuyper, Bavinck en Schilder nie, maar tog was hy 'n heel verdienstelike teoloog en veral briljante prediker. Hoofstuk 5 beskryf die dramatiese gebeure rondom J.G. Geelkerken en die interpretasie van Genesis 3. Volgens Berkouwer het Geelkerken vir niks meer gevra as die *moontlikheid* om 'n ander interpretasie as 'n realistiese interpretasie te oorweeg nie en nié vir 'n verwerping van die tradisionele eksegese nie (113,114,131). Sewe jaar na die dood van Geelkerken het die sinode van die GKN in 1967 die besluit van die sinode van Assen 1926 tersyde gestel (123). Berkouwer erken openlik dat hy homself "vrij lang in dat spoor van Assen heeft thuisgevoeld"(129).

Interessant is dat geen aparte hoofstuk aan Karl Barth gewy word nie - hoewel Barth dikwels ter sprake kom - maar dat in hoofstuk 6 Karl Heim oor "onopgeloste vrae" as gespreksgenoot ingevoer word. Hoofstuk 7, oor "zoeken en vinden", bevat los gedagtes oor en met verskillende teoloë en teologiese temas. In hoofstuk 8 en 9 word aandag gevra vir die regs-modernisme van K. Roessingh en G.J. Heering, terwyl Berkouwer in hoofstuk 10 ingaan op die etiese probleem van 'n (kern-)oorlog en hy die konfrontasie tussen Heering en Barth bespreek.

Hoofstuk 11 is die langste in die hele boek en handel breedvoerig oor die motiewe en agtergronde van die teologie van K. Schilder, voortgesit in hoofstuk 12 waar die konflik en skeuring van 1944 bespreek word. Dat Schilder 'n befaamde teoloog was en belangrike insigte na vore gebring het, val nie te betwyfel nie (en daarom moet dit verwelkom word dat in 1990, honderd jaar na sy geboorte, aan sy teologie aandag gegee word). Hoewel Schilder baie krities teenoor Berkouwer (329) was - Berkouwer was ook voorsitter van die sinode wat Schilder geskors het - probeer Berkouwer so ewewigtig moontlik oor Schilder skryf (vgl. 329). Dit val op dat Berkouwer weinig na Schilder se beroemde trilogie oor die lyding van Christus verwys. Maar waarom moes die hele Schilder-beweging op 'n breuk uitloop en dit tydens die Tweede Wêreldoorlog? Waarom soveel kérklike outoritarisme terwyl die Nederlandse vólk hom teen politieke (Duitse) outoritarisme verset het? Hoe was so 'n kerkstryd moontlik in *oorlogs*tyd? Kon die probleme nie tot ná die oorlog gewag het nie (359)? Blykbaar is gelowiges en sinodes magteloos om 'n ander weg te gaan as wantroue, misverstand en uiteenlopende standpunte eenmaal sy loop geneem het. Ook Berkouwer oordeel nou dat "het niet had moeten gebeuren" (359). Sinode Almere van die GKN het in 1988 die uitsprake van 1944 tersyde gestel. Vir 'n buitestaander klink dit ongelooflik dat sinodes met dogmatici soos V. Hepp, A. Honig en K. Schilder, biblioloë soos S. Greydanus, F.W. Grosheide en G.Ch. Aalders, ekklesioloë soos H.H. Kuyper en D. Nauta, en 'n missioloog soos J.H. Bavinck as adviseurs, nie 'n kerkskeuring kon voorkom het nie. Was daar nie dalk meer persoons- en karakterkonflik as wat oor die algemeen aanvaar word nie?

Hoofstuk 13 gee aandag aan die Rooms-Katolieke Kerk en teologie, onder die titel, "Van Pius 12 tot Johannes Paulus 2", en hoofstuk 13 sluit af met 'n kort nabetragting.

Hierdie publikasie is 'n egte Berkouwer-boek.

DU PLESSIS, ISAK, J. 1990. **'n Kykie in die hart van God.** Pretoria : NG Kerkboekhandel. Prys 42,00. 156 p.

Resensent: Jan Botha (Dept. Grieks, PU vir CHO)

> *Die Gleichnisforschung gehört zur Avantgarde der Exegese wie der Theologie überhaupt; sie arbeitet an der vordersten Front der hermeneutischen Diskussion und nimmt von daher eine forschungsstrategische Schlüsselposition ein.*

Die geldigheid van hierdie opmerking van Edmund Arend wat Du Plessis (p.56) aanhaal, word geïllustreer deur die geweldige verskeidenheid van benaderings tot die gelykenis-uitleg deur die eeue heen. Du Plessis wy ongeveer die helfte van sy boek aan die bespreking daarvan (p. 5-65).

Die opset van die boek is die volgende: 'n oorsig oor gelykenis-uitleg deur die eeue (hoofstuk 1) - deurgaans vir so ver moontlik toegespits op die *Gelykenis van die verlore seun*, 'n evaluering van bruikbare en mindere bruikbare benaderings geïlllustreer aan die hand van dieselfde gelykenis (hoofstuk 2) en laastens 'n uitleg van die *Gelykenis van die verlore seun* in terme van die skrywer se eie benadering (hoofstuk 3) wat hy 'n "komprehensiewe" benadering noem (p. 103).

Die fokus op een gelykenis in die bespreking van die uitleg deur die eeue het die voordeel dat onnodige wydlopigheid vermy is. Dit het egter ook die nadeel dat dit nie moontlik is om alle fasette van die metodologie deur die eeue wat behandel word, aan die hand van hierdie gelykenis te illustreer nie. Die historiese oorsig word in nege afdelings aangebied:

1 Die *allegoriese uitleg* tot en met die Middeleeue - enkele fasette van Tertullianus se allegorisering: die besittings wat die jongste seun verspeel, is die mens se oorsprong in God; die boer waar hy varke oppas is die duiwel; die klere wat sy vader by sy terugkeer aan hom gee, is die herstel van die doop; die feesmaal en vetgemaakte kalf is die nagmaal en liggaam van Christus.

2 *Die vroeë letterlike en historiese benadering* - die Anticheense skool en latere figure soos Thomas Aquinas (hoewel die *Gelykenis van die verlore seun* nie juis veel aandag in die Middeleeue gekry het nie), Luther en Calvyn wat die gelykenisse *letterlik*

geïnterpreteer het in reaksie teen die eeue-lange allegoriese verklarings.

3 Verwikkelinge in die 19e eeu ná die Aufklärung.

4 *Die moralistiese benadering* - die waterskeiding wat meegebring is deur Adolf Jülicher (1886) met sy idee dat daar in 'n gelykenisverklaring altyd gesoek moet word na 'n *tertium comparationis*, dit wil sê elke gelykenis wil *slegs een spesifieke punt* beklemtoon en sodoende 'n *morele waarheid of sedelike beginsel* tuisbring waarvolgens die gelowige moet leef.

5 *Die historiese benadering* - waarin die reaksie van mense soos T.W. Manson (1931) op Jülicher bespreek word; die vormkritiese interpretasie van gelykenisse deur K.L. Schmidt (1919) en Rudolf Bultmann; die klem op die eksistensiële, eskatologiese en historiese aspekte van gelykenisse met eksponente soos O. Noordmans (1935), Johannes Weiss (1892), Albert Schweitzer (1913), C.H. Dodd (1935) en veral Joachim Jeremias (1947) wat probeer het om die spesifieke historiese situasie van elke gelykenis te ontdek en sodoende tot die oorspronklike betekenis daarvan deur te dring.

6 *Die Nuwe Hermeneutiese benadering* - Fuchs (1964), Bultmann, Linnemann (1964) en Jüngel (1967) wat die gelykenisse as taalgebeurtenisse beklemtoon waardeur die leser/hoorder gekonfronteer word met 'n keuse tot 'n nuwe selfverstaan.

7 *Die literêre benadering* - in die VSA het mense soos Amos Wilder (1964), Norman Perrin (1976) in die sewentigerjare begin om van die insigte van die moderne linguistiek en veral moderne literatuurwetenskap gebruik te maak en het dus wegbeweeg van die historiese eksistensiële beklemtoninge van vroeëre benaderings. Hulle beklemtoon die *metaforiese* aard van gelykenisse (die metafoor skep 'n nuwe werklikheid vir die leser/hoorder en maak dit ook moontlik vir die leser/hoorder om deel te hê aan daardie nuwe werklikheid) asook die *outosemantiese* aard van die literêre werk soos die gelykenis (dit wil sê die gelykenis verwys binne sigself en dit is futiel om, soos in die historiese benaderings, na 'n buite-tekstuele verwysing te soek). Die literêre werk (dit wil sê gelykenis) tree eers op as venster waardeur die leser 'n wêreld sien wat aan hom/haar bekend is, daarna word die venster 'n spieël en word die bekende wêreld geherorganiseer sodat die leser die implikasies daarvan vir sy eie lewe kan verstaan en uiteindelik word die spieël weer 'n venster wat aan die leser 'n nuwe visie gee op die werklikheid. Gelykenisse as metafore ontkom nooit die *reveal/conceal*-dialektiek nie: hulle kan nooit "finaal" geïnterpreteer word nie, iets bly altyd verborge. In Europa toon die werk van byvoorbeeld Paul Ricoeur ooreenkomste hiermee: die metafoor is in staat om iets nuuts te sê wat nie in "gewone" taal moontlik is nie en sodoende deurbreek dit die alle-

daagse werklikheid van die hoorder/leser en verander dit op verbeeldingryke wyse.

8 *Die kommunikatiewe benadering* - in hierdie laaste fase word daar vanaf die metafoor na die pragmatiek beweeg (p. 56): volgens Edmund Rens (1982) moet die gelykenisse nie (soos in die poëtologiese benadering van byvoorbeeld Via) as outonome selfreferensiële estetiese objekte gesien word en sodoende losgemaak word van 'n bepaalde historiese situasie nie. Hy wil die kommunikatiewe funksie of die handeling/toestand wat deur die gelykenis teweeggebring word vasstel.

9 *Gelykenisnavorsing in Suid-Afrika* - in hierdie heel interessante ekskursie bespreek Du Plessis onder meer die werk van E.P. Groenewald (1954) oor die gelykenisse wat sterk onder die invloed van Jülicher staan asook die werk van latere Bybelwetenskaplikes soos A.G. van Aarde, G.M.M. Pelser, W.S. Vorster en veral J.G. du Plessis wat oor die algemeen binne die raamwerk van die literêre en kommunikatiewe paradigmas werk en L.W. Mazamisa se 1987-proefskrif wat sterk onder die invloed van die sosiale hermeneutiek staan.

Samevattend wys Du Plessis (p. 66-67) op die vernaamste klemverskuiwings deur die eeue heen: vanaf 'n allegoriese benadering na 'n letterlike en historiese benadering, na 'n moralistiese benadering, na 'n histories-kritiese benadering, na 'n Nuwe Hermeneutiese benadering, na 'n literêre benadering en laastens na 'n kommunikatiewe of pragmatiese benadering.

Uit hierdie kriptiese opsomming is dit duidelik watter geweldige omvangryke terrein Du Plessis in die eerste afdeling van sy boek probeer dek. Dit kom feitelik neer op 'n geskiedenis van Nuwe Testament-interpretasie die afgelope 20 eeue. Dit is baie toeganklik en duidelik in Afrikaans geskryf en 'n nuttige lys verklarings van tegniese begrippe word aan die einde gegee. Tog is sommige van Du Plessis se weergawes te kort en te oorsigtelik om reg aan die betrokke benadering te laat geskied. Om byvoorbeeld Jülicher se omvangryke twee-volume werk in 'n bladsy en 'n half (p. 17-19) weer te gee is nie so maklik nie. Die bespreking van Jeremias is ook te oppervlakkkig om aan hom reg te laat geskied.

In die tweede (en interessantste) afdeling van sy boek wys Du Plessis die allegoriese en moralistiese benaderings as onbruikbaar af. Sosio-historiese, strukturele, narratologiese en psigologiese interpretasies van die *Gelykenis van die verlore seun* word as bruikbare benaderings geïllustreer. Veral die psigo-analitiese interpretasie van hierdie gelykenis deur Mary Ann Tolbert is hoogs interessant: Freud se *id* (verteenwoordig deur die jongste seun), *super-ego* (die oudste seun) en *ego* (verteenwoordig deur die vader) word in die gelykenis gevind en sodoende word die basiese menslike begeerte vir een-

heid (harmonie) en heelheid in die lewe tot uitdrukking gebring. Juis omdat die gelykenis hierdie basiese begeerte van die mens aanspreek, het dit mense nog altyd aangegryp.

Die derde afdeling van die boek bevat eerstens 'n uiteensetting van Du Plessis se eie "komprehensiewe" benadering en dan 'n breedvoerige interpretasie van die gelykenis in terme van hierdie benadering. Du Plessis wil alle moontlike middele inspan om te interpreteer (p. 103). Daaronder verstaan hy "'n aanpak wat sal ooreenstem met die mens as komprehensiewe wese wat met sy verstand en sy geloof, sowel as sy emosies die werklikheid ervaar en beoordeel" (p. 104). Nader bepaal, definieer hy sy metode soos volg: "Ons wil daarom kyk na die gelykenis as godsdienstige teks, wat met behulp van die literatuurwetenskap, die linguistiek, die psigologie, die inligting uit die historiese, kulturele en sosiale wêreld van die Nuwe Testament en ander hulpmiddels 'n poging kan aanwend om 'n uitleg te bied wat die gelykenis aktueel en eksistensieel in 'n sinvolle perspektief sal plaas" (p. 105).

Dit is inderdaad 'n mondvol en die skrywer slaag myns insiens nie oortuigend daarin om aan alle aspekte van hierdie hoë verwagting en ideaal te laat reg geskied in sy eie interpretasie van die gelykenis nie. Die "komprehensiewe benadering" kan miskien ook baat by 'n deegliker teoretiese begronding. In praktyk werk Du Plessis hoofsaaklik histories en literêr (die plek van die gelykenis binne die *Reisverhaal* in Lukas, die integriteit van die teks, die juridiese korrektheid van die verhaal, en breedvoerige karaktersketse van die twee seuns en die vader).

Plek-plek is Du Plessis se hantering van konsepte en begrippe wat vanuit die moderne literatuurwetenskap en linguistiek oorgeneem is, nie bo verdenking nie. Hy hanteer die begrip *die leser* redelik naïef as die werklike "vlees-en-bloed-leser". Dit blyk byvoorbeeld daaruit dat hy 'n uitgerekte historiese en literêre interpretasie van die gelykenis doen (onderafdelings 2 tot 13 van hoofstuk 3) en dan eers in onderafdeling 14 vra: "En wat van die leser?" Dit skep die indruk asof die skrywer meen dat al sy interpretasiewerk tot op daardie punt geskied het *voordat* "die leser" op die toneel verskyn - presies die toedrag van sake wat juis in die resepsie-estetika as onhoudbaar uitgewys is. Dit wat wel in die afdeling oor "die leser" geskryf word, is 'n pleitrede vir versoening ten spyte van verskille, nie 'n afwysing van die idee van skuldbelydenis vóór daar versoening kan plaasvind ('n duidelike sinspeling op die huidige debat in die N.G. Kerk-familie) en 'n oproep om self nie met een van die seuns in die gelykenis te identifiseer nie "omdat ons altyd weer iets van albei in onsself omdra" (p. 140). Dit is alles sake wat (waarskynlik tereg) op die agenda van die "vlees-en bloed"-leser van vandag is, maar dit is nie dieselfde ding as die implisiete leser van die moderne literatuurwetenskap, naamlik 'n abstrakte *tekstuele konstruksie*, nie.

Die "kykie in die hart van God" is volgens Du Plessis (p. 136-137) die onveranderlike wending aan die einde van die gelykenis: die vader hardloop die jongste seun tegemoet en pleit dat ook hy hom met sy jongste broer moet versoen. Die vader se optrede deurbreek gewoon menslike konvensies. God, wat deur die vader gesimboliseer word, se optrede styg uit bo die gewoon-menslike (p. 137).

Met hierdie boek het Du Plessis 'n waardevolle bydrae tot die Afrikaanse teologiese literatuur gelewer. Die boek lees maklik en lewer 'n magdom interessante gegewens op.

# BOEKAANKONDIGINGS

Crafford, D. 1990. Uitdagings vir die kerk in Afrika. U.P. Teologiese Studies 8. Pretoria : NG Kerkboekhandel. 113 p. Prys: R21,00.

Smuts, A.J & Vos, C.J.A. & Nel, M. 1990. In gesprek oor die erediens. Pretoria : NG Kerkboekhandel. 192 p. Prys: R48,00.

Van der Walt, B.J. 1991. Anatomy of reformation. Potchefstroom : IRS/PU vir CHO. 581 p. Prys: R35,00.

Velema, W.H. 1990. Orientatie in de Christlijke ethiek. 's Gravenhage : Boekencentrum. 159 p. Prys onbekend.

Kotze, P.P.A. 1990. Die brief van Jakobus. Kommentaar op die Nuwe Testament. Struktuur - uitleg - boodskap. Kaapstad : Lux Verbi. 216 p. Prys: R56,50.

Van der Walt, Jan G. 1990. Here nou verstaan ek u beter. Pretoria : Orion. 55 p. Prys: R19,95.

Olivier, S.P. 1990. Fokus op gelofte. Pretoria : NG Kerkboekhandel. 73 p. R21,50.

Hendriks, A.N. 1990. Die alles in allen volmaakt. Haarlem : Uitgeverij Vijlbrief. 138 p. f 24,50.

Van der Walt, B.J., Fowler, S., Venter, J.J. 1990. "New-Age"-beweging. Potchefstroom : IRS/PU vir CHO. 79 p. Prys: R7,50.

Burger, C.W., Müller, B.A., Smit, D.J. *reds*. 1990. Verdere riglyne vir adventsprediking. (Woord teen die lig 1/7). Kaapstad : Lux Verbi. 239 p. Prys: R37,75.